

**2 September**

**Skrifgedeelte: 2 Samuel 7:8-29 (NAV)**

**Fokusgedeelte: 2 Samuel 7:19 (NAV)**

**In Christus bou God sy ewige Koningshuis**

Dawid is uiteindelik oor die hele Israel en Juda tot koning gesalf. Hy het Jerusalem verower, in die Sionsvesting gaan woon en dit Dawidstad genoem. Koning Hiram van Tirus het 'n afvaardiging na hom gestuur en ook sederhout en skrynerkers en messelaars. Hulle het vir Dawid 'n pragpaleis gebou. Die Here het Dawid besonderlik geseën en hom voorspoedig gemaak in alles wat hy onderneem het. Sy vyande is verdryf en sy koningskap was goed gevestig.

Terwyl Dawid so in sy weelderige paleis gewoon en rus van sy teenstanders ervaar het, het die begeerte ontstaan om ook vir die Here 'n huis, 'n vaste woning op te rig. Volgens hom was dit nie reg dat hy in 'n huis met versierde sederhout bly en God se ark in 'n tent staan nie.

Sy versoek aan die profeet Natan om vir die Here 'n tempel te bou, is egter afgekeur. Daarvoor was Dawid se hande te veel met oorlogsbloed bevlek (1 Kron 22:8, 9). Nie hy nie, maar sy seun Salomo, sou vir die Here 'n tempel bou. Hyself sou net daarop kon voorberei. Wat 'n teleurstelling moes dit vir Dawid gewees het! Tog ontvang hy die allerheerlikste belofte van Natan: Dawid sal nie vir die Here 'n huis bou nie, maar die Here sal vir Dawid 'n geestelike koningshuis stig wat nooit sou eindig nie! Uit Dawid sou die konings gebore word, maar meer nog, uit Dawid sou uiteindelik die Koning van die konings, Jesus Christus, tevoorskyn kom.

Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie (Luk 1:32). Christus sal die tempel, die kerk van die Here bou (Sag 6:12), Hy sal die vervalte hut van Dawid weer oprig (Amos 9:11) en tot in ewigheid regeer (Ef 1:20). Christus is ook self die hoeksteen van dié geestelike huis waarin God deur sy Heilige Gees woon (Ef 2:22). Elke gelowige word deur Hom, die Groot Tempelbouer, as 'n lewende steen daarin gemessel.

*Sing: Psalm 132:1, 11 (1936-beryming)*

*Ds CJ Nagel (Phalaborwa)*